VKO-WERKGELEENTHEIDSTIMULUS-HULPFONDS

1 WAT BEHELS DIE FONDS?

1. Die VKO-werkgeleentheidstimulus-hulpfonds is ‘n noodlenigingsintervensie om die VKO-sektor te help om van die gevolge van die COVID-19-pandemie te herstel.

2. Dit maak deel uit van die Presidensiële Werkgeleentheidstimulus-pakket.

3. 

Dit sal help met die heropening en voortgesette werksaamhede van VKO-dienste.

4.

Dit moet gebruik word om by te dra tot die koste verbonde aan die betaling van VKO-werkers.

5.

‘n Betaling ten bedrae van R4 470 per personeellid word aan suksesvolle aansoekers beskikbaar gestel. Dit word tot `n maksimum van vier personeellede beperk, afhangend van hoeveel fondse beskikbaar is.

6.
Aansoeke vir hierdie fonds kan SLEGS deur die VKO-diens gedoen word (deur ‘n behoorlik gemagtigde persoon) en NIE deur ‘n individuele VKO-werker nie. Indien dit slaag, kan die VKO-diens befondsing ontvang - waaruit hy alle soorte VKO-werkers in sy diens sal betaal.

Aansoeke open: 5 Februarie 2021
Aansoeke sluit: 19 Februarie 2021

Moenie wag om u aansoek in te dien nie – u het slegs twee weke om aansoek te doen.

DOEN AANLYN AANSOEK
https://govchat.app

Vir meer inligting, besoek - www.dsd.gov.za

PRESIDENTIAL EMPLOYMENT STIMULUS

"ECD Is Everybody's Business"

STAY SAFE
PROJECT SOUTH AFRICA

Vir enige navrae, kontak die tolvrye inbelsentrum by: **080 008 9666**

VKO-WERKGELEENTHEIDSTIMULUS-HULPFONDS

2 WIE KAN AANSOEK DOEN VIR DIE FONDS?

'n VKO-diens wat ten volle of voorwaardelik by `n Provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling GEREGISTREER is.

'n ONGEREGISTREERDE VKO-diens wat vroeë leergeleenthede vir klein kindertjies bied*.

*(deur die aansoekvorm in te vul, verbind aansoekers hulle tot registrasie)

Organisasies wat meer as drie jaar lank verskeie VKO-dienste bedryf, bestuur of kontroleer, kan vir meer as een VKO-program of verskeie soorte VKO-programme aansoek doen.

- Sentrum- en nie-sentrum-gebaseerde programme.
- VKO-dienste wat oop is vir kinders, of selfs al is hulle steeds gesluit (as 'n VKO-diens gesluit is, moet die aansoeker onderneem om binne 60 dae weer te heropen).
- Die VKO-diens kan vir praktisyns, kokke, tuiniers, administratiewe beamptes of ander aansoek doen.
- Aansoekers moet 18 jaar of ouer wees.

Aansoeke open: 5 Februarie 2021
Aansoeke sluit: 19 Februarie 2021

Moenie wag om u aansoek in te dien nie – u het slegs twee weke om aansoek te doen.

Vir meer inligting, besoek - www.dsd.gov.za

PRESIDENTIAL EMPLOYMENT STIMULUS

STAY SAFE PROJECT SOUTH AFRICA

Vir enige navrae, kontak die tolvrye inbelsentrum by: **080 008 9666**

VKO-WERKGELEENTHEIDSTIMULUS-HULPFONDS

3 WAT HET U NODIG OM VIR DIE FONDS TE KAN AANSOEK DOEN?

ALLE AANSOEKERS MOET:

- ‘n Bestaande bankrekening in die VKO-diens se naam hê. As die VKO-diens nie een het nie, moet hulle een oopmaak. Persoonlike bankrekeningbesonderhede in die naam van ‘n individu word nie aanvaar nie.
- Toesien dat VKO-dienste wat nie tans befondsing van ‘n provinsiale DMO ontvang nie op die SVD-databasis geregistreer word, wat via hierdie skakel gedoen kan word: https://secure.csd.gov.za/Account/Register. Die registrasienommer (wat ‘n M sal bevat) wat deur die SVD-databasis gegenereer word, word vir die stimulusaansoek vereis.

ALLE AANSOEKERS HET DIE VOLGENDE NODIG:

- Die aansoeker en personeellede se name en identiteits-, permit- of verwysingsnommer soos in amptelike identifikasiedokumente aangedui.
- Personeellede se kwalifikasies.
- Ouderdomsindeling van kinders in die VKO-diens.
- NWO-registrasienommer (indien as NWO geregistreer).
- KMIE-registrasienommer (indien by die KMIE geregistreer).

DOKUMENTASIE TER STAWING VAN AANSOEKE:

- Indien geregistreer of voorwaardelik geregistreer by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, hetsy ‘n VKO-program of gedeeltelikesorg-registrasiesertifikaat.
- LET WEL: ORGANISASIES wat meer as drie jaar lank verskeie VKO-dienste bedryf, bestuur of kontroleer;
  - As u vir verskeie programme aansoek doen, ‘n brief van die voorsitter van die Intersektorale Forum wat u aansoek vir veelvuldige programme erken, met die lys van programme aangeheg. (die sjabloon word as deel van die aansoek verskaf)
  - As u namens verskeie VKO-programme aansoek doen, moet ‘n NWO-registrasiesertifikaat aangeheg word.

Aansoeke open: 5 Februarie 2021
Aansoeke sluit: 19 Februarie 2021

Moenie wag om u aansoek in te dien nie – u het slegs twee weke om aansoek te doen.

Vir meer inligting, besoek - www.dsd.gov.za

PRESIDENTIAL EMPLOYMENT STIMULUS

"ECD Is Everybody's Business"

STAY SAFE PROJECT SOUTH AFRICA

Vir enige navrae, kontak die tolvrye inbelsentrum by: **080 008 9666**